LAERSKOOL PIERNEEF
Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • (012) 329-2383
STAAN VAS

# Omsendbrief 01/2022
# 12 Januarie 2022



**WELKOM**

Baie welkom aan almal aan die begin van die nuwe skooljaar.
Baie dankie aan al die ouers en leerders wat so goed saamwerk in hierdie uitdagende tydperk. Ons herinner u om asseblief toe te sien om u kind se toegangsboekie se laaste bladsy, ingevul skool toe te stuur.

Met dit alles wat voorlê, is dit egter slegs ons geloof en die Here se seën wat ons deur alles gaan dra. Sonder God is ons tot niks in staat nie.

**TEEN BOELIE BEWUSMAKINGS WEEK**

Ons skool het 'n teen boelie bewusmakings week vanaf 17 - 21 Januarie 2022.
Elke leerder sal Maandag 17 Januarie 'n blou strikkie ontvang wat hulle die hele week moet dra.
Oom Erich Posthumus en gesin gaan die leerders op Vrydag 21 Januarie kom leer hoe om **"BOELIE PRUFE"** te wees.
Skrywe t.o.v. bogenoemde word vandag uitgegee. Ons vra dat u asseblief die skeurbriefie voor of op 17 Januarie na u kind se klasonderwyser sal stuur.



**SKOOLFONDS 2022**

Die tariewe vir 2022 is as volg:

**1. SKOOLFONDS - Gr. RR tot 7**

Die skoolfonds beloof R1200-00 per maand per kind vir 11 maande (R13200-00).
Indien skoolgelde ten volle betaal is teen 31 Januarie 2022 kwalifiseer u vir 'n 10% korting (R13200-00 minus R1320-00 = R11880-00).

**2. NASKOOL**

Die gelde vir 2022 vir die naskool beloop R570-00 per leerder per maand vir 12 maande (R6840-00).
Indien naskoolgelde ten volle betaal is teen 31 Januarie 2022 kwalifiseer u . Vir 10% korting (R6840-00 - R684-00 = R 6 156-00).

SKOOLTYE

| | |
|---|---|
| Gr. RR & R | - 07:25 tot 12:30 |
| Gr. 1 & 2 | - 07:25 tot 12:45 |
| Gr. 3 | - 07:25 tot 13:00 |
| Gr. 4 -7 | - 07:25 tot 13:30 |

Vrydag
Die skool verdaag om 13:00 vir die Gr. 3 tot 7 leerders.



**SAAMRY GELEENTHEID GESOEK**

Vervoer geleentheid gesoek in die oggende en middae vanaf 29 ste laan na Laerskool Pierneef vir 'n leerder.
Kontak Elize Briel 079 260 1076



**VOEDING!!**

Die behoefte vir voeding raak al hoe groter. Dankie aan diegene wat al-reeds hulp aangebied het.
Ons voedingsprojek is in drie dele verdeel.

1.**Toebroodjies:** Enige ekstra broodjies vir pouses sal waardeer word. Stuur dit asseblief na Me. Van Rooyen se klas. Ons vra GROOT ASSEBLIEF ondersteun die projek en stuur 'n pakkie toebroodjies.

2.**Neem 'n gesin aan**: Met hierdie projek vra ons vir 'n skenking week-liks op Dins- en Donderdae van 1x brood; 1x ½ dosyn eiers en 2L melk. Hierdie kan in die personeelkombuis afgelewer word. (Sien skeurstrokie).

**3. Skenking van kos vir die voedings-kombuis:**

Gr. RR en R: Enige stysel; rys, pap, meel, pasta, ens.
Gr. 1 en 2: Enige vleiserigheid; tu-na, visblikkies, soya maalvleis, ens.
Gr. 3 en 4: Blikkieskos; groentes, bone
Gr. 5: Tee, koffie, sop, suiker, ens.
Gr. 6: Seep, tandepaste, ens.
Gr. 7: Enige vars produkte; melk, brood, groente, vrugte, ens.

Kom ons wees omgee Pieries met omgee harte.

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**AFSKEURSTROKIE VOEDING O/B 01/2022**

**NEEM 'N GESIN AAN**

Ek, ____________________________________ is bereid om vir die jaar 'n gesin aan te neem en die nodige voorraad by die skool af te lewer.

KONTAKNOMMER : ____________________________

STAAN VAS

www.laerskoolpierneef.co.za

facebook

**ATLETIEK**

2022 se Atletiekseisoen het aangebreek. Welkom aan al die atlete van 2022. Ons sal moet skouer aan die wiel sit om die atletiekseisoen 'n sukses te maak, daarom is dit belangrik dat alle atlete Maandae tot Donderdae kom oefen vanaf 13h45 – 15h00. Die eerste oefening vind alreeds Maandag 17 Januarie plaas. Daar sal Donderdag en Vrydag oggend tydens aktiwiteits-periode vir die nuwe leerders geleentheid gegee word om uit te dun saam met die huidige atlete, sodat die finale spanlyste vir die seisoen opgetrek kan word. Alle leerders wat wil uitdaag vir velditems kan Maandag dit by die oefening kom doen.
Finale spanlyste sal na Vrydag 14 Januarie gefinaliseer word en atlete wat Donderdag 27 Januarie aan die wegbyeenkoms gaan deelneem, sal Vrydag 21 Januarie 'n atleetbrief ontvang waarop die atleet se items aangedui word. Ouers moet asseblief seker maak dat hulle die atleetbrief ontvang, sodat u ingelig kan wees van Donderdag 27 Januarie se wegbyeenkoms. Skole wat aan die wegbyeenkoms gaan deelneem is nog onbekend.

**Atletiekdrag**

***Formele atletiekdrag is aangekoop deur die skool. Atletiekdrag word te huur aangebied. Koste beloop R50 per stel vir die atletiekseisoen. Die atletiekdrag is beskikbaar by Me. T. Van Vollenhoven. Geen atleet sal Donderdag 27 Januarie deelneem indien hy/sy nie die korrekte atletiekdrag aan het nie. Geen KDA klere of ski-pants onder broeke word toegelaat vir Donderdag se byeenkoms nie. Slegs Atletiekdrag.***

**Oefenprogram vir volgende week:**

**Maandag 17 Januarie 2022 Tyd: 13:45 – 15:00**

| Ouderdom | Item |
|---|---|
| 0/7 – 0/9 | Naellope |
| 0/8 – 0/9 | Aflos (Aflos kry voorkeur 45 min oefening) |
| 0/10 | Naellope |
| 0/11 | Verspring |
| 0/12 | Gewigstoot |
| 0/13 | Hoogspring |
| **0/10 – 0/13** | Indien jou betrokke velditem nie oefen vanmiddag nie en jy is betrokke by middelafstande, moet jy middelafstande gaan oefen. |

**Dinsdag 18 Januarie 2022 Tyd: 13:45 – 15:00**

| Ouderdom | Item |
|---|---|
| 0/7-0/9 | Naellope |
| 0/10 – 0/11 | Aflos (Aflos kry voorkeur 45 min oefening) |
| 0/10 | Gewigstoot |
| 0/11 | Hoogspring |
| 0/12 | Naellope |
| 0/13 | Verspring |
| **0/10 – 0/13** | Indien jou betrokke velditem nie oefen vanmiddag nie en jy is betrokke by middelafstande, moet jy middelafstande gaan oefen. |

**Woensdag 19 Januarie 2022 Tyd: 13:45 – 15:00**

| Ouderdom | Item |
|---|---|
| 0/7-0/9 | Naellope |
| 0/12 – 0/13 | Aflos (Aflos kry voorkeur 45 min oefening) |
| 0/10 | Hoogspring |
| 0/11 | Naellope |
| 0/12 | Verspring |
| 0/13 | Gewigstoot |
| 0/10 – 0/13 | Indien jou betrokke velditem nie oefen vanmiddag nie en jy is betrokke by middelafstande, moet jy middelafstande gaan oefen. |

**Donderdag 20 Januarie 2022 Tyd: 13:45 – 15:00**

| Ouderdom | Item |
|---|---|
| 0/7 – 0/9 | Naellope |
| 0/8 – 0/9 | Aflos (Aflos kry voorkeur 45 min oefening) |
| 0/10 | Verspring |
| 0/11 | Gewigstoot |
| 0/12 | Hoogspring |
| 0/13 | Naellope |
| 0/10 – 0/13 | Indien jou betrokke velditem nie oefen vanmiddag nie en jy is betrokke by middelafstande, moet jy middelafstande gaan oefen. |

**Belangrike atletiekdatums:**

| Datum | Tipe byeenkoms | Venue |
|---|---|---|
| 27 Januarie 2022 | Wegbyeenkoms | L/s Queenswood |
| 3 Februarie 2022 | Tuisbyeenkoms | L/s Pierneef |
| 15 Februarie 2022 | Cluster | H/S Oos Moot |

**Cluster byeenkoms**

Alhoewel die Clusterbyeenkoms eers 15 Februarie gaan plaasvind is die nodige dokumentasie van uitersbelang. Ouers word reeds in hierdie skrywe in kennis gestel. ***Atlete wat deelneem aan die Clusterbyeenkoms en onder die eerste 2 atlete eindig tydens die Cluster byeenkoms, moet 'n gewaarmerkte afskrif van sy/haar geboortesertifikaat en ID-foto by Mnr. P. Kraftt inhandig op die dag van die Cluster byeenkoms. Let asseblief op dat GEEN LAATINDIENINGS deur die organiseerders toegelaat word nie. Hierdie atlete sal by Pilditch aan die Distriksbyeenkoms deelneem.***

Sterkte vir die atletiekseisoen. Ons glo en vertrou dat elke atleet hul beste sal lewer en 'n sukses sal maak van elke byeenkoms.